

**5 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 12:1-13:37; Psalm 51**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 12:7-13**

### **Skuldvergewing**

Sondeskuld wat nie vergewe is nie, bly smeul. Dit is een van die grootste oorsake van neerslagtigheid en lewensongeluk (Ps 32). Baie mense beseef dit nie. Dawid het wel geweet wat reg en verkeerd was. Hy was 'n gelowige wat sy Bybel geken het. Die Bybel gee insig. (Ps 19:9). Maar hy wou nie sy sonde erken nie. Hy probeer dit toesmeer. Genadiglik het Natan Dawid reguit gekonfronteer: "Jy is die man!" Nadat Natan met hom gepraat het, kon Dawid sy sonde nie verder toesmeer nie. Insig in wat reg en verkeerd is beteken niks as jy nie jou sonde eerlik erken nie. Dan eers kan jy berou hê. Die Bybel omskryf berou as "...'n gebroke gees, 'n gebroke en verslae hart..." (Ps 51:19 OAV). Dis 'n emosionele belewenis, dié dryfveer tot 'n eerlike skuldbelydenis teenoor die Here. Die proses van insig in jou sonde, eerlike erkenning, opregte berou en skuldbelydenis bly die wonderlike weg tot skuldvergifnis en 'n skoon gewete wat die Here aan jou gee.

Jy het ook die voorreg om saam met Paulus in een asem te kla én te jubel: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here" (Rom 7:24,25). "As ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig. Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid" (1 Joh 1:9).

*Sing: Psalm 51:7*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*